

**Kontemporêre tendense  
in die Nederlandstalige verhaalkuns:  
'n Sosiaal-konstruksionistiese ondersoek**

**Christiaan M S Prinsloo**

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling  
van die vereistes van die graad MA  
in die Fakulteit Geesteswetenskappe  
Universiteit van Pretoria**

**Mei 2004**

**Studieleier: Prof Elsa Nolte**

## Abstract

The method employed to conduct this study involved the selection of 33 texts of 13 authors. These texts provide a vantage point from which the contemporary Dutch and Flemish literature can be studied. The texts were chosen according to the following criteria: public appeal of the text, prizes awarded, times printed and reprinted, and the positive critique it received from literary critics.

In chapter two the theoretical foundation is laid. The theoretical approach underlying the discussion of the 33 texts is the social constructionism. Naturally, this post-modern movement, which is rooted in the psychology, is elaborately discussed. However, in an attempt to minimise confusion, the character and nature of modernism as well as postmodernism, are discussed.

Chapter three is devoted entirely to the discussion of the contemporary themes in Dutch and Flemish literature. These themes are: (1) the dilemmas of post-modern truth and reality, (2) social destabilisation, (3) disruption of identity, and (4) intertextuality. Here the 33 stories are integrated with the preceding theoretical framework. The first theme deals with the social-literary construction of fact and fiction. Increasing tension between fact and fiction leads to the demand for more stories (realities), which in turn leads to the symptom “story-shock”. Multiple realities tell the story of social destabilisation (the second theme), which emphasises the distortion of time, our mortality, and false hope of acquiring immortality. The social cannot be destabilised without affecting identity. The third theme consequently addresses the creation of identity through stories and the post-modern pastiche personality. Theme four continues by indicating that the pastiche personality can only function in a collected world of intertextuality.

In the last chapter I draw the conclusion that social constructionism accentuates the transcendental properties of literature. Although the post-modern is over-shadowed by a negative feeling of nihilism, it seems from a social constructionist perspective, as if nihilism represents a form of transcendence, which is illustrated by the philosophy of literature.

## Opsomming


Om hierdie studie uit te voer was die program van aksie soos volg: 33 tekste van 13 outeurs is bestudeer om 'n breë snit van kontemporêre Nederlandstalige tekste onder oë te kry. Die keuse van die tekste is gemaak op grond van die volgende kriteria: gewildheid, pryse wat toegeken is, die druk en herdruk van tekste, asook positiewe kritiek aan die kant van literêre kritici.

In die tweede hoofstuk is daar aandag gegee aan die teoretiese onderbou. Die teoretiese hoek waaruit daar na die 33 tekste gekyk is, is die sogenaamde sosiale konstruksionisme. Vanselfsprekend is daar uitvoerig aandag geskenk aan hierdie postmoderne rigting wat oorspronklik uit die sielkunde gegroei het. Maar daar is ook, om verwarring te voorkom, in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die wese en aard van die modernisme en uiteraard ook aan die postmodernisme.

In hoofstuk drie gaan dit oor kontemporêre tendense in die Nederlandstalige verhaalkuns. Vier tendense (of temas) naamlik: (1) die problematiek van postmoderne waarheid en realiteit, (2) sosiale destabilisering, (3) die ontwrigting van identiteit en (4) intertekstualiteit, word uitvoerig bespreek. Hier kom die 33 stories ook ter sprake (of is dit eerder tot spreke gebring?). Die eerste tema word aangespreek deur te verwys na die sosiaal-literêre konstruksie van feit en fiksie. Die toename in die spanning tussen feit en fiksie gee aanleiding tot die vraag na meer stories (realiteite), wat uiteindelik lei tot die simptoom "storie-skok". Die veelvuldige realiteite vertel weer stories oor sosiale destabilisering (die tweede tendens) wat die ontwrigting van tyd, ons tydelikheid en valse hoop op ewigheid beklemtoon. Die sosiale kan nie gedestabiliseer word sonder dat identiteit ook ontwig word nie, daarom dat die derde tendens in wese handel oor identiteitsvorming deur stories en die postmoderne pastiche-persoonlikheid. Tema vier sluit hierby aan, want die pastiche-persoonlikheid kan alleen funksioneer in 'n saamgestelde wêreld van intertekstualiteit.

In die laaste hoofstuk kom ek tot die gevolgtrekking dat die sosiale konstruksionisme die transenderende vermoëns van die letterkunde bekemtoon. Hoewel 'n gevoel van negatiewe nihilisme die postmodernisme oorheers, blyk dit of die nihilisme, vanuit 'n sosiaal-konstruksionistiese perspektief beskou, 'n vorm van transending voorstel wat in die filosofie van die letterkunde uitgedruk word.

# Inhoud




## Metodologie

1	Inleiding	1
2	Vooruitskouing	4
3	Probleemstelling	5
4	Doelstelling	6
5	Selektering van navorsingsmateriaal	8
6	Titelbeskrywing	27



## Verwysingsperspektief

1	Inleiding	29
2	Modernisme	30
3	Postmodernisme	40
	● Suspisie teenoor metanarratiewe	43
	● Fiksionalisering van realiteit	46
	● Omarming van massakultuur	48
4	Die sosiale konstruksionisme	55
	● Die sosiale konstruksionisme as postmoderne bewustheid	57
	● Al vertellende die storiewêreld in...	61



## Kontemporêre tendense in die Nederlandstalige verhaalkuns

<b>1</b>	<b>Inleiding</b>	<b>67</b>
<b>2</b>	<b>Die problematiek van postmoderne waarheid en realiteit</b>	<b>69</b>
●	Die sosiaal-literêre konstruksie van feit en fiksie	69
●	Uit 'n fantasie in 'n droom van paradokse	80
●	“Storie-skok” as simptoom van veelvuldige realiteite	85
<b>3</b>	<b>Sosiale destabilisering</b>	<b>87</b>
●	Tyd	93
●	Tydelikheid	98
●	Ewigheid	108
<b>4</b>	<b>Ontwrigting van identiteit</b>	<b>110</b>
●	Identiteitsvorming deur stories	111
●	Kollektiwiteit	114
●	Marginalisering	118
●	Die postmoderne pastiche-persoonlikheid	121
●	Die postmoderne vertellende skrywer en skrywende verteller	126
<b>5</b>	<b>Intertekstualiteit</b>	<b>132</b>
●	Intertekstualiteit in die kunste	133
●	Interdisiplinêre intertekstualiteit	144



**Al skrywende  
(on)(einde)(igheid) in ...**

	<input type="checkbox"/>	152
<b>1 Inleiding</b>		
● Relatiewe realiteit in die greep van nihilisme		155
● Literêre transendering		160



**Bibliografie**

167



**Addendum I**

i



**Addendum II**

xli